SAKE 24 (Beeld)
Thursday, 28 May 2009, p. 8

Telematics verwag hoër wins

Die voertuigopsporing-en-vlootbestuursgroep MiX Telematics verwag hoër verdienste.

Dié groep se finansiële jaarresultate vir die jaar tot 31 Maart sal op of in die omgewing van 8 Junie uitgereik word.

Die resultate sluit in twee nuwe ondernemings vir die afgelope ses maande en is dus onvergelykbaar met die vorige boekjaar. Die handelsopdatering is dus 'n vergelyking met pro forma finansiële inligting. Daarvolgens verwag die groep dat sy wesensverdienste per aandeel tussen 20% en 30% hoër sal wees. Die maatskappy se aandeelprys het gister op 62c gesluit – 7c of 12.72% hoër.